Module 3 Hersieningsmemorandum

Leerdersboek bladsy 179

Voorgestelde antwoorde

1.

KOLOM A NAAM VAN IKOON	KOLOM B GEVESTIGDE LAND	KOLOM C SPESIALE KENMERK
1.1 ROOI PLEIN	G Rusland✓	11 Lenin se praalgraf✓
1.2 BERG FUJI	H Japan✓	10 Vulkaan✓
1.3 BERLYNSE MUUR	K Duitsland✓	5 Checkpoint Charlie✓
1.4 VENESIË	F Italië✓	9 Gondels✓
1.5 GRAND CANYON	J Verenigde State van Amerika✓	2 Colorado-rivier✓
1.6 LONDEN TORING	A Verenigde Koninkryk✓	7 Kroonjuwele✓
1.7 DIE BLOU MOSKEE	C Turkye✓	8 Minarette✓
1.8 MUUR VAN TRANE	B Israel✓	1 Ortodokse Jode✓
1.9 BERG EVEREST	D Nepal✓	6 Sjerpa✓
1.10 MEKKA	I Saoedi-Arabië✓	10 Die Hadj✓

(10 x 2=20)

2.1 'n Ikoon is 'n besienswaardigheid of kenmerk wat wêreldbekend is, het simboliese waarde en het 'n noue verband met 'n sekere bestemming.✓✓

2.2 Universele toegang wys na die vermoë van alle mense om gelyke geleenthede te benut. Dit gee vir hulle toegang tot 'n omgewing, produk of diens ongeag van hulle streek, sosio-ekonomiese status, etnisiteit, geslag, gestremdheid of enige ander faktore.✓✓

2.3 Individue met 'n fisiese, sensoriese (visueel of gehoor) en intellektuele gestremdheid of enige ander mediese toestand wat spesiale sorg benodig soos verswakte bejaardes en ander wat tydelike hulp benodig.✓✓

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

2.4 Deelname van mense wat aan toerismeaktiwiteite deelneem, wissel of word beperk, afhangende van die seisoen of tyd van die jaar✓✓

2.5 'n Toeristebesienswaardigheid is 'n plek, area, gebou of 'n gebeurtenis van belang wat toeriste besoek vir die historiese betekenis, kulturele waarde, natuurlike of kunsmatige prag of vermaakgeleenthede.✓✓ (5 x 2=10)

Totaal: 30 punte